Hoërskool Framesby 50
HANDHAAF EN BOU

FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: **nuusbrief@framesby.co.za**

Uitgawe 75: 19 Februarie 2016

BELYNINGSTOETSE EN AKADEMIESE STANDAARDE

By Framesby onderwerp ons reeds die afgelope drie jaar die Graad 8-leerders aan belyningstoetse in Afrikaans en Wiskunde. Hierdie toetse is gebaseer op die werk wat in die laerskool volgens Departementele voorskrifte behandel is, en word afgelê om ons 'n idee te gee van die vaardigheidsvlakke in beide hierdie areas.

Tans dui die uitslae van hierdie toetse op groot agterstande by die meeste leerders, en word daar spesiale aandag gegee aan bepaalde komponente waar die probleem die grootste blyk te wees. Ons besef dat die meeste ouers baie bekommerd is oor hierdie toedrag van sake, en daarom word die uitslae van hierdie toetse binne die volgende week na die laerskole gestuur.

Die toets-antwoordstelle sal na afloop van die toetsreeks, saam met die antwoordstelle van die toetsreeks, aan die Graad 8-ouers gestuur word.

Die handhawing van hoë akademiese standaarde is by Framesby onondertandelbaar. Hierdie standaarde kan egter slegs gehandhaaf word indien ons ouers dieselfde daaroor voel. Dit is dus noodsaaklik dat ouers ten volle op hoogte moet wees van die akademiese vordering van hul kinders. Ons wil u dus aanmoedig om u kind se vordering gereeld te monitor en met die betrokke onderwysers te skakel indien u enigsins voel daar is rede tot kommer, en om beslis die oueraand aan die begin van volgende kwartaal by te woon. Van die skool se kant af sal ons u beslis op hoogte hou indien ons enige kommerwekkende tendense by u kind bespeur.

AFRIKAANS-LEESPROGRAM

Ons het verlede jaar 'n Leesprogram aangekoop ten einde die leesvermoë asook die leesbegrip van ons leerders te bevorder. Die program is in die tweede helfte van 2015 van stapel gestuur en die Afrikaans – leesprogram het weer op Woensdag 24 Februarie begin.

Daar sal twee sessies op 'n Woensdag wees, 14:30 – 15:15 en 15:15 – 16:00. Leerlinge kan kies watter sessie hulle wil bywoon. Daar word eerste voorsiening gemaak vir die leerlinge wat verlede jaar met die leesprogram begin het en dit wil voltooi. Wanneer hierdie leerlinge klaar is met die leesprogram, sal die volgende leerlinge die geleentheid kry om die program te volg. Leerlinge word geïdentifiseer deur hul Afrikaans-onderwysers en hul ouers sal 'n brief van die skool ontvang indien u kind op die leesprogram moet gaan.

Die Engels-program is tans ook aan die gang. Leerders wat geïdentifiseer is behoort nie hierdie geleentheid te laat verbygaan nie!

TOETSREEKS ROOSTER

Die Gr. 12-rooster moes verander. Kyk op die laaste bladsy

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag
Geen

Sondag
Mieke Alberts 10C
Niel Alberts 10E
Danielle Cloete 10B
Elandrue Harris 12B
Lennard Nortje 12F

Maandag
Clarissa Botha 9A
Nicole Kussel 10A
Zian Louw 11G
Mieke Ollewagen 8C
Johan Smit 9D

Dinsdag
Cailin Richardson 10A
Gerrida Stadler 9A

Woensdag
Carla Boonzaaier 11A
Jani du Toit 11A
Jason Houwland 11D
Frans Landman 9E
Zürika Ruddy 8E

Donderdag
Caroline Janse v Rensburg 11C
Louis Potgieter 10G
Anzia van Heerden 12E

Vrydag
Tuanè Craill 10B
Kayla Ferreira 8D
Monique Ferreira 8A
Elisma Olivier 11C
Liza-Marie Wilkie 12C

ONS LEERDERS IS BESIG!

DIE SKOOL MET 'N HARTKLOP NA STRATE!

Verlede Vrydag het 'n groep van ons leerders die strate ingevaar en die oggend-spitsverkeer aangedurf met harte en pamflette om ons skool as "Die Skool met 'n Hartklop" bekend te stel en om die Omgee-tema van hierdie maand aan die Port Elizabeth-publiek voor te stel.

Hierdie inisiatief is deel van 'n vars benadering om die beeld van ons skool te bevorder en om die status van Framesby as 'n eiland van uitnemendheid te beklemtoon. Waar baie skole reeds begin met hul werwingsveldtogte en bemarkingsgeleenthede, wil ons die algemene publiek net weer bewus maak van die wonderlike geleenthede wat hierdie skool aan sy leerders bied.

Ondervinding het geleer dat growwe veralgemenings, op grond van ongronde bewerings, dikwels oor bepaalde skole gemaak word, en dat die betrokke skole soms die laaste is om te hoor. Teen hierdie agtergrond het die tyd dan seker aangebreek om daadwerklik die beeld van ons skool te bevorder.

DANSKLUB WYS BESTUUR AAN

Framesby is seker die skool in hierdie stad met die ongelooflikste matriekafskeide, want ons leerders kan DANS! Waar die meeste tieners 'n "klubatmosfeer" verkies wanneer die musiek begin speel, maak dit 'n onblusbare gees van suiwer plesier in ons kinders los en gee hulle nuwe betekenis aan die gedagte van dans dat die stof so staan!

Dit alles is te danke aan die Dansklub. Hierdie aktiwiteit, seker die grootste in die skool, is reeds vir bykans 20 jaar ongelooflik gewild. Elke Woensdag word letterlik honderde leerders toewys gemaak in die fyner kunsies van "Ballroom"- en Latynse danse en raak hulle bedrewe met die lekkerste danstegnieke denkbaar. Aan die bestuur van hierdie klub vir 2016 is (v.l.n.r.) Amore Terblanche, Rikus Smith, Jason van Tonder, Minette van Niekerk (Voorsitster), Arné van Heerden, Ingebörg Jordaan, Crystal Danielz, Nicole Kruger en Twane van Staden.

HARE WAAI VIR KANKER!

As deel van Omgee-maand het die MB-seuns verlede week die daad by die woord gevoeg en hul hare laat afskeer te bate van die Kankervereniging. 'n Groot klomp ander seuns het nie op hulle laat wag nie en die hare laat waai.

Elke MB-lid het hulself verbind tot 'n donasie per kaalkop en Williams Hunt het ook met 'n ruim bydrae aan boord gekom. Uiteindelik is die fantastiese bedrag van R7 286 ingesamel en aan CANSA oorhandig.

Op die foto hierbo word die tjek aan mev. De Vin van CANSA oorhandig deur mnr. Benji Erasmus van Williams Hunt.

Ons is ongelooflik trots op die sukses van hierdie projek. Al was dit groot sports, het dit tog duidelik gewys da tons leerders se harte oop is vir enige saak wat 'n bietjie opoffering verg. Die hare-spuit-projek het ook baie suksesvol verloop en mooi bygedra tot die uiteindelike bedrag wat ingesamel is.

ONS LEERDERS PRESTEER

FRAMESBY BLINK BY PE-SKOLE

Tydens die jaarlikse PE-skole-atletiekbyeenkoms wat verlede naweek by NMMU plaasgevind het, het ons atlete uitstekend gevaar. Altesaam 80 leerders het vir die Metro-byeenkoms gekwalifiseer, 16 atlete meer as verlede jaar! Ons is trots op die positiewe groei en ons hoop om volgende jaar 100 atlete by die Metro-byeenkoms te hê. Hierdie byeenkoms vind die môre by die Oval plaas.

By die PE-skole het Framesby altesaam 33 eerste plekke behaal. Ons top-presteerder was Johan van Biljon wat 3 eerste plekke behaal het in die gewigstoot, diskus en hamergooi. In die gewigstoot was sy wenafstand 15,23 *m*, waarmee hy vir die SA Kampioenskappe gekwalifiseer het. Ses ander atlete het twee eerste plekke behaal, nl. Janno Aggenbag (1500 *m* en 2000 *m* hindernis), Bjorn Ferreira (1500 *m* en 1500 *m* hindernis), Chane Petzer (1500 *m* en 3000 *m*), Lara de Bloe (1500 *m* en 3000 *m*), Anneke Kapp (Diskus en Gewigstoot) en Anneke van Rooy (100 *m* en 200 *m*, asook ‘n 2de plek in die 400 *m*). Janno, Lara en Anneke het alma look gekwalifiseer vir die SA Kampioenskappe. Ruan Smith het ook ‘n besondere prestasie behaal deur die Hamergooi te wen en 2de plekke in die Gewigstoot rn Diskus te behaal.

Baie sterkte aan al ons atlete wat hierdie naweek deelneem. Ons het geen twyfel dat ons volgende week saam met julle sal juig oor die pragtige prestasies nie!

MISCHKA KEN GEEN EINDE NIE!

Ons het die afgelope tyd gereeld verslag gedoen oor Mischka Strydom wat uitstekend presteer in fietsry. Sy het verlede week weer Framesby en sommer die Oos-Kaap se naam hoog gehou het tydens die Suid-Afrikaanse Fietsry-Kampioenskappe wat in KwaZulu-Natal gehou is.

In die Tydwedren het Mischka het die silwer medalje verower. Hier is sy met slegs 26 sekondes geklop deur ‘n meisie van Vrystaat. Daarna het sy die brons medalje verower Padwedren wat die Saterdag plaasgevind het. Sy het skynbaar ongelooflik op die bulte gevaar, altesaam 7 strawwe bulte per rondte, waarvan hulle 2 van 17 *km* elk moes voltooi. Pragtig Mischka! Ons is trots op jou.

TWEEKAMPERS NA SA KAMPIOENSKAPPE

Ondanks die eise wat die atletiekprogram aan hulle stel, is ‘n groot groep van ons atlete ook besig met tweekamp en het ons die goeie nuus ontvan dat altesaam 8 atlete ingesluit is in die OP-span wat op 26 Maart aan die SA-byeenkoms in Bloemfontein gaan deelneem. Slegs die A-spanne van die onderskeie provinsies neem aan die SA-byeenkoms deel. Dis daarom werklik ‘n besondere prestasie wat hierdie atlete behaal het, en Framesby is baie trots op hulle. Die OP-spanlede is: Lara de Bloe, Vicky Oelofse, Melissa Hamilton, Chane Petzer, Almorette Matthee, Bridget Hart, Ian Gerber en Janno Aggenbag. Joshua Gouws is die eerste reserwe van die 0/15-span. Baie geluk aan al hierdie atlete!

ALGEMEEN EN SIELSKOS

ELKE JAS MET SY GESIG

VRA 'n kleuter om 'n mens te teken en hy maak 'n sirkel met twee regaf strepe. Miskien ook nog twee strepies sydelings - die arms en die hande. Gesig en ledemate, dis die mens. Uit die gesigshoek van die kleuter is wat saak maak die bene waaraan hy vashou, die arms wat hom optel, die gesig waarna hy kyk. Maar veral die gesig. Dié teken hy oordrewe groot. Dié kleuterskets het waarskynlik veel meer om die lyf as wat dit op die oog af lyk. Daarin word iets geïllustreer van die diepe behoefte van 'n kind, nie net in sy kleuterjare nie, maar ook as hy ouer word. Ook in sy tienerjare. En daarna. Dán nog het hy behoefte aan sekuriteit, al hou hy nie meer aan Pa se bene vas nie. En aan versorging, al tel Pa en Ma hom nie meer in hul arms op nie. Maar die diepste verlange bly steeds, by wyse van spreke, Pa se gesig, Ma se gesig, dit is: gesprek, ontmoeting, kommunikasie. Kortom, Pa en Ma self. Wat waar is van die ontmoeting tussen ouer en kind, geld ook vir die verhouding tussen mense in die algemeen. Ook dan is die ontmoeting tussen mens en mens eers waarlik kommunikasie as dit ook 'n ontmoeting is ``van aangesig tot aangesig''. In die ontmoeting tussen mense is die gesig die fokus. Tog merkwaardig dat in hierdie eeu van ongelooflik verbeterde kommunikasiemedia en 'n steeds kleiner wordende wêreld, die afstand tussen mense oënskynlik groter geword het, omdat hulle in ons onpersoonlike samelewing vir mekaar ``gesigloos'' geword het. Ons het - om by die kleuterskets te bly - 'n geslag met haastige bene en besige hande, maar klein gesiggies geword. Tog het elke mens behoefte aan kommunikasie, aan ware ontmoeting. Want gesigloos kan selfs die mens in die grootste stad nie word nie. D.J. Opperman skryf in sy gedig ``Ballade van die Grysland'': Deur tralies wat die tuin omsluit kyk ek en my verwarde broers verlangend na die stad nog uit: hoe deur die reën en laaste lig, krukkig soos nat voëls loop elke jas met sy gesig. Elke jas met sy gesig! En agter elke gesig skuil 'n hart, is daar 'n mens. Iemand. Agter die verstedelikingsvraagstuk, agter die werkloosheids- en die plakkersvraagstuk is daar gesigte. Mense! Daar is 'n mens agter my tuinman, agter my plaasarbeider en my buurman. 'n Mens agter my kollega, my kind. Elke ander mens is inderdaad 'n medemens, 'n mens soos ek self: broos en kwesbaar, met 'n hunkering na liefde en aanvaarding. 'n Mens teenoor wie ons moet uitleef wat Jesus aan ons opgedra het: `"Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, so moet julle ook aan hulle doen."

Uit *Die Burger* 22 Junie 1991

GR. 12 TOETSREEKSROOSTER VERANDER!

Ons is verplig om die Toetsreeksrooster wat verlede week uitgegee is, vir Graad 12 te verander nadat die Departement van Onderwys skole versoek het om almal 'n gemeenskaplike Wiskunde-vraestel te skryf, en wel op 10 Maart. Enkele ander aanpassings is gemaak en die finale rooster lyk as volg:

Gr. 12-TOETSREEKSROOSTER		
Woensdag 9 Maart	1	Afrikaans
	2	IGO/Musiek
Donderdag 10 Maart	1	Wiskunde Wisk. Geletterdheid
	2	CAT
Vrydag 11 Maart	1	Fisiese Wetenskappe
	2	
Maandag 14 Maart	1	Rekeningkunde
	2	Verbruikerstudie
Dinsdag 15 Maart	1	Lewenswetenskappe
	2	IT
Woensdag 16 Maart	1	English
	2	Besigheidstudies
Donderdag 17 Maart	1	Toerisme
	2	English Litt.

Koop jou kaartjies vir vanjaar se Anibrand-fees by die Algemene Kantoor en ondersteun so ons Krieket!

Die fees vind weer plaas op die Brandwag-sportgronde – 25-28 Feb.

Verskeie kunstenaars!

soveel meer vir my | so much more for me

Samba

Koöperatief Bpk | Co-operative Ltd

Die skool het hande gevat met Samba en kan ouers nou by Samba aansluit en hul skoolgelde met hul Sambakaart betaal en **kontant terugontvang daarop aan die einde van November elke jaar.**

Behalwe vir die **afslag van 2.5% op u skoolfooie**, kan u u Sambakaart gebruik as betaalmetode vir al u maandelikse aankope en ontvang u **kontant terug van tussen 2% en 6% op al u aankope** (brandstof uitgesluit) by enige winkel met wie Samba 'n ooreenkoms het.